SUIDER-PAARL GEMEENTE

Boodskap van die week: Waar is God in jou prentjie?

Daar is mense wat dink die Corona-virus is God se straf. Ander dink dis die natuur se manier om balans te bring. Nog ander dink daar is iewers 'n sinistere mag agter alles. Is dit Bybels? Is jy seker dat jy verstaan waar God in die prentjie kom? Die Nuwe Testamentikus, N.T. Wright, sê ons leef in 'n kultuur wat die rasionalisme omhels het. Dit beteken dat ons vir alles antwoorde wil hê. En dit dra ons ook in ons verstaan van die Bybel en God in. Hy sê dis juis in tye soos hierdie waar goedkoop en maklike antwoorde gegee word. Maklike verklarings oor waarom God dit of dat doen, wat God se bedoeling presies is met die virus – 'n straf van God? 'n Waarskuwing van God? 'n Teken van God? Maar wat as dit niks hiervan is nie? vra hy. So meen hy, wat ons miskien meer nodig het, is om die Bybelse tradisie van Klag, of klae te herontdek. Klag gebeur wanneer mense vra "Waarom?", en dan geen antwoord kry nie. Dit is waar ons by die plek kom waar ons verder beweeg as ons selfgesentreerde lewens, en waar ons breër kyk na die lyding van die wêreld.

Uit die Woord…

Skrifgedeeltes om te bedink, in aansluiting met Wright se mening hierbo:

- Psalm 10: "Waarom staan U so ver weg, Here? Waarom trek U U terug in tye van nood?"
- Psalm 13: "Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk?"
- Psalm 30: "Maar toe U U aan my onttrek het, het ek baie bang geword."
- 1 Petrus 1: 3, 6, 7 - Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.
- 1 Petrus 3:17 - As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen.
- 1 Petrus 4: 12, 13 - Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie. Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid.

Gedagtes vir vandag:

Die geloofspad van 'n gelowige wat met God wandel, is soos 'n pendulum wat swaai tussen angs en sekerheid. Die lewe het meer vrae as antwoorde, en dikwels wil ons té maklik antwoorde gee op baie ingewikkelde vrae. God hou jou tog wel soms aan 'n lyntjie… God wag en kyk… God staan soms op 'n afstand en wag… En wag… En kyk of jy en ek nie wil omdraai… en terugkom nie… "God is like a person who clears his throat while hiding and so gives himself away." — Die mistikus Meister Eckhart.

Enkele dinkdinge:

Dit is nie net ons wat kla nie. Die misterie van die Bybelse storie is dat God ook klae. Party Christene dink dat God verhewe bo dit is, omdat God alles weet, omdat God in beheer is van alles, omdat God kalm en onaangeraak is deur die probleme van hierdie wêreld. Maar dis nie die prentjie van die Bybel nie. God was gegrief tot in sy hart, verklaar Genesis, oor die gewelddadige boosheid van sy menslike wesens. Hy was verpletter toe sy eie bruid, die mense van Israel, weggedraai het van Hom af. Paulus praat van die Heilige Gees wat sug van angs en bekommernis in ons, as ons ook sug in die pyn van die hele skepping.

- Hoe voel jy oor hierdie laaste gedeelte?
- ***Wees verseker - God is besig met jou!***

..Want Jesus is Anders...